

MBONGWENI BUTHELEZI omring van die avfal-plastiek waarmee hy "skilder", soos in die werk agter hom

Volksblad
20|04|2010

Buthelezi bring palet van plastiek na Bloemfontein

Nood het kunstenaar dié tegniek laat ontwikkel

■ ELRETHA BRITZ

DIE Gautengse kunstenaar Mbongweni Buthelezi het nuwe betekenis gegee aan die gesegde nood leer bid.

Nood het hom 'n nuwe kunstegniek laat ontwikkel en daaruit het vir hom ongekende kommersiële sukses gespruit, selfs tot buite die landsgrense.

In die jare toe dié kunstenaar van Dobsonville naby Johannesburg nie konvensionele kunsmateriaal kon bekostig nie, het hy met afval-plastiek "geskilder" en werke ryk aan kleur en tekstuur geskep.

In dié tyd het hy navorsing gedoen oor plastiek.

Hy het vasgestel watter soorte maklik smelt en dus gebruik kan word en watter soorte brand en skadelike gasse afgee.

Hy gebruik tot 5 000 stukke plastiek vir een kunswerk.

"G'n wonder nie dat Buthelezi erkenning van omgewingsorganisasies gekry het nie.

"In 1998 was hy die wenner van *Mail & Guardian* se Greening the future-toekenning," skryf Johan Myburg, kunsverslaggewer van *Beeld*.

Buthelezi se ongelooflike vernuf met plastiek was destyds storiekos vir die media en het gelei tot uitnodigings na die buiteland – veral Duitsland – waar hy sy unieke tegniek moes demonstreer.

Van Vrydag kry kunsliefhebbers in die sentrale streek geleentheid om dié besonderse werke in die Oliewenhuis-kunsmuseum in Bloemfontein te besigtig.

Imizwa Yami (my gevoelens) is Buthelezi se eerste landwye uitstalling.

Hierin beeld hy sy gewaarwording van die lewe in Suid-Afrika uit, onder meer met lae plastiek wat aan mekaar vassmelt en die effek van breë kwashale skep.

Buthelezi het egter nie by sy suksesresep van plastiek as "verf" vasgesteek nie.

Sy liefde vir teken kry gestalte in sy portretstudies in houtskool, en sy gunsteling-temas, kinders, musiek en die townshiplewe, in sepia-skilderye uit sy *Winter in Klipfontein*-reeks en kleurvolle skilderye uit sy *Childhood*-reeks.

Van Buthelezi se aangrypende kunswerke is in 'n volkleurkatalogus saamgevat wat op die uitstalling beskikbaar sal wees.

■ Die kunstenaar bied Vrydag om 09:30 'n rondleiding aan en om 11:30 'n demonstrasie van sy plastiek-tegniek.

Die uitstalling duur tot 30 Mei.